

wat glo jy?

dennis de wet

Hebreërs 11:6

⁶ en sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek.

Glo is:

Vertrou
steun op
staatmaak
verlaat jouself op
vaskleef aan

Wat glo jy omtrent God?
Is God 'n werklikheid vir jou?

Johannes 1:1 – In die begin was die **Woord**...

Woord kom van Griekse woord wat ook beteken
"uitgesproke denkbeeld" = "expressed idea" in Engels

Matteus 4:4

Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan.

Gen. 1:26, 27

En God het gesê [uitgesproke denkbeeld]: Laat Ons mense maak na Ons beeld, na ons gelykenis en laat hulle heers.

En God het die mens geskape na Sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape.

Gen. 5:1

Die dag toe God Adam geskape het, het Hy hom gemaak na die gelykenis van God.

Man en vrou het Hy hulle geskape en hulle geseën en hulle mens genoem

Jesus noem Homself "Seun van die mens"

84 maal verskyn hierdie uitspraak van Hom in die 4 Evangelies

Johannes 1:12

Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in Sy naam glo.

Die Seun van die mens.

Hebreërs 11:1

¹ Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.

Johannes 3:16

¹⁶ Want so liefhet God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

Glo is:

Vertrou
steun op
staatmaak
verlaat jouself op
vaskleef aan

Markus 5:25 – 34

²⁵ En 'n sekere vrou wat twaalf jaar lank bloedvloeiing gehad het ²⁶ en veel onder baie geneeshere gely en al haar besittings uitgegee het sonder om enige baat te vind, maar eerder erger geword het, ²⁷ het van Jesus gehoor en onder die skare van agtergekom en sy kleed aangeraak;

²⁸ want sy het gesê: As ek maar sy klere kan aanraak, sal ek gesond word. ²⁹ En dadelik het die fontein van haar bloed opgedroog en sy het aan haar liggaam bemark dat sy van haar kwaal genees was. ³⁰ En dadelik toe Jesus in Homself die krag gewaarword wat van Hom uitgegaan het, draai Hy Hom om onder die skare en sê: Wie het my klere aangeraak?

³¹ En sy dissipels antwoord Hom: U sien dat die skare U verdring en U sê: Wie het My aangeraak? ³² Toe kyk Hy rondom haar te sien wat dit gedoen het. ³³ die vrou, wat gevrees en gebeef het omdat sy wis wat met haar gebeur het, kom toe en val voor Hom neer en vertel Hom die hele waarheid. ³⁴ En Hy sê vir haar: Dogter, jou geloof het jou gered. Gaan in vrede en wees van jou kwaal genees.

Handelinge 14:7 – 10

⁷ En daar het hulle die evangelie verkondig. ⁸ En in Listre het daar 'n man gesit wat magteloos was aan sy voete, kreupel van sy geboorte af en hy het nooit geloop nie. ⁹ Hy het geluister terwyl Paulus spreek; en Paulus het die oë op hom gehou en, toe hy sien dat hy geloof het om gesond te word, ¹⁰ met 'n groot stem gesê: Staan regop op jou voete! En hy het opgespring en begin rondloop.

Markus 16:16

¹⁶ Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word.

Openbaring 21:7 & 8

⁷ Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom "n God wees en hy sal vir My "n seun wees. ⁸ Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodediensers en al die leuenaars – hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swavel: dit is die tweede dood.